

Saterdag 13 September

Skrifgedeelte: Matteus 27:45-56 (AFR2020)

Fokusgedeelte: Matteus 27:46

Nooit meer deur God verlaat nie!

Wanneer Jesus aan die kruis uitroep: “Eli, Eli, lemá sabagtani?” (Matt. 27:46), vertoon dit die diepste vlak van sy lyding. Hierdie uitroep, wat beteken “My God, my God, waarom het U my verlaat?” kom direk uit Psalm 22. Dit verteenwoordig die intense emosionele en geestelike pyn wat Jesus ervaar het toe Hy die volle gewig van die wêreld se sonde op Hom geneem het.

Te midde van die donkerte wat oor die land neergedaal het van 12:00 tot 15:00, wat nie ’n gewone sonsverduistering kon wees nie, beleef Jesus die absolute skeiding van God die Vader. Dit was nie net fisiese pyn nie, maar die verskrikking van God se toorn oor die sonde wat Hy vir ons gedra het. Die Vader onttrek sy liefdevolle teenwoordigheid, en Jesus ervaar hel op aarde – ’n ervaring van totale verlating.

Die Joodse skare het moontlik geglo dat Jesus na Elia roep vir hulp, maar hulle het nie verstaan dat Hy uit Psalm 22 aanhaal nie. Selfs die natuur reageer op die kruisiging, met donkerte wat God se oordeel simboliseer.

Jesus se verlate uitroep was die prys vir ons redding. Hy moes die volle straf vir ons sondes dra, sodat ons nooit deur God verlaat sou word nie. Paulus herinner ons daaraan in 2 Korintiërs 5:21: “Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.”

Hierdie gebeurtenis beklemtoon die geweldige liefde van God. Omdat Jesus die verlating en oordeel van God in ons plek ervaar het, is ons verseker van God se ewige teenwoordigheid en liefde. Hebreërs 13:5-6 bevestig hierdie troos: “Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.” Hierdie waarheid is die hart van die evangelie, dat ons, deur Christus se offer, nooit deur God verlaat sal word nie.

Sing: Psalm 105-1:1, 5

Ds. JPL (Vickus) van Jaarsveld (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)